Strauss, PJ
Universiteit van die Vrystaat

Belydenis, kerkverband en Belhar

ABSTRACT

Confession, denomination and Belhar

This article departs from the viewpoint that the Dordt reformed tradition regards confessions as documents of agreement in the forming of a denomination between congregations. It identifies four requirements for formulas to be confessions: it should be scriptural, it should formulate key issues of faith, it should not repeat what has already been said in existing confessions and it should enjoy a broader ecumenical approval. Confessions can only have authority on the issues they speak on if it is formulated according to the Bible. The author applies these findings to the South African born Confession of Belhar (1986) and concludes that it can not stand up to every requirement.

INLEIDEND

Daar bestaan ’n gangbare uitdrukking in die Dordtse gereformeerde tradisie dat die *“eenheid in belijdenis*” soos uitgedruk in sy erkende belydenisskrifte die akkoord van kerklike gemeenskap in ’n sekere kerkverband is.[1] Hierdie uitdrukking hou verband met dit wat oor die eenheid van die kerk in die Nederlandse Geloofsbelydenis én die Heidelbergse Kategismus bely word. In die Nederlandse kerkgeskiedenis is hierdie twee konfessies vanaf die eerste strukturele treë van die verband tussen die Nederlandse gereformeerde gemeentes of kerke – by die Konvent van Wezel in 1568 – bestempel as die formuliere van eenheid van hierdie kerke.[2] Dit wil sê: die formuliere wat die gemeenskaplike geloof van hierdie kerke verwoord.

In antwoord 54 sê die Kategismus dat dit Christus is wat sy kerk of gemeente deur sy Woord en Gees in die *eenheid van die ware geloof* (my kursivering, PJS) van die begin tot die einde vergader, beskerm en onderhou. Op dieselfde noot verklaar die Nederlandse Geloofsbelydenis in artikel 28 dat almal verplig is om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle aan die leer en tug van Christus te onderwerp. Dit gaan dus om ’n eenheid in die waarheid soos deur God in sy Woord geopenbaar. ’n Eenheid in belydenis omdat die Heilige Gees hulle met hierdie waarheid in die hart gegryp het; ’n belydenis aangaande God Drie-enig én die groot kontoere van sy verhouding met die mens en die kosmos. Bouwman druk dit so uit:

> *“… belijden van Christus is niet maar het uitspreken van een vasgestelde leer, of wat in het algemeen als waarheid wordt aanvaard, maar in het bijzonder van de innerlijke overtuiging, dat hetgeen God openbaart de waarheid is. Doch al moet het hart inleven in de waarheid, dit neemt niet weg, dat het voorwerp der belijdenis ons gegeven is, en dat*

1 Vgl Rutgers, FL 1971. *De geldigheid van de oude kerkenordening der Nederlandsche gereformeerde kerken*. Amsterdam: Ton Bolland, 41; Bouwman, H 1985. *Gereformeerd Kerkrecht II*. Kampen: De Groot Goudriaan, 4,5,13; Smit, CVJ 1984. *God se orde vir sy kerk*. Pretoria: NG Kerkboekhandel, 64.

2 Bouwman, 569.

*deze belijdenis het **parool** (my beklemtoning, PJS) is waaraan de geloovigen elkander als broeders herkennen."*[3]

Dit alles beteken nie dat die kerk in die belydenis gegrond is nie. Die kerk kan nie op menslike oortuigings of uitsprake bou of daarop fundeer nie. Dit is as volk, kinders en tempel van God in God Self en sy heilshandelinge met die mens gegrond. Gebou op die fondament van die apostels waarvan Jesus Christus Self die hoeksteen is (Ef 2:10).[4] Die grondslag van die kerk is Christus, sy persoon, sy werk en sy Woord. Die kerk groei en leef uit Christus wat die lewenswortel daarvan is. As die kerk reg bely, bely dit wat God hom gegee het om te bely. Sê dit uit wat God objektief aan Hom in sy Woord geopenbaar het en wat subjektief sy geloofseiendom geword het. In die woorde van Heyns: *"Die kerk het nie 'n belydenis nie, maar die belydenis het die kerk"*. Daarom moet 'n belydeniskerk ook 'n belydende kerk wees. 'n Kerk wat tot belydenis as 'n daad oorgaan[5]. In 'n gebroke wêreld is die geloofsbelydenisse van die kerk dié uitstaande simbole van sy verstaan van die waarheid teenoor die leuen, die baniere waaronder hy die strydperk van botsende gelowe en lewensoortuigings in die gemeenskap betree.[6] Simbole of baniere wat skriftelike neerslag vind in kerke se belydenisskrifte en wat na die menslike kant daarvan die mees fundamentele uitdrukking is van die identiteit van elke kerk as Christelike geloofsgemeenskap.[7]

Dit gaan in die kerk dus om geloofsgenote wat mekaar in geestelike gemeenskap gevind het omdat God hulle gevind en tot 'n gemeenskaplike belydenis gebring het. 'n Gemeenskap wat saamgebind is deur hulle geloof in God Drie-enig. 'n Gemeenskap wat mekaar aan dieselfde belydeniswaarhede uitken en mekaar vanuit Christus deur sy Gees en as kinders van dieselfde Vader opsoek: 'n belydende eenheidsgemeenskap.[8]

Teen hierdie agtergrond word daar in hierdie artikel gekyk na antwoorde op die volgende vrae: Wat is – in die gereformeerde sin van die woord – die kenmerke van of kriteria vir belydenisskrifte en watter rol speel dit en moet dit speel in kerkverband? Waaraan ontleen hierdie geskrifte hulle gesag en relevansie – as daar van so iets sprake kan wees? As hulle dan gesag het, oor wie? En, as laaste "draai" of toespitsing: pas die Suid-Afrikaansgebore Belydenis van Belhar hoegenaamd in hierdie prentjie in?

1. KRITERIA VIR BELYDENISSKRIFTE: 'N GEREFORMEERDE LYN

1.1 Dit moet Skriftuurlik wees

Vanuit die oortuiging dat Christusregering in die kerk impliseer dat alles in die kerk op een of ander wyse Skriftuurlik verantwoord of Bybelsbegrond moet wees, is dit uit 'n gereformeerde perspektief duidelik dat die eerste vereiste vir 'n belydenisskrif is dat dit Skriftuurlik moet wees. Immers, die reformatoriese verstaan van die stelreël *sola scriptura* beteken dat die hele kerklike en nie-kerklike lewe onder die gesag en rigtinggewende Boodskap van die Skrif val. Christusregering beteken dat Christus kosmieswyd – ook in die georganiseerde kerk – deur sy Woord en Gees regeer.[9] Dit is in die lig hiervan dat belydenisskrifte in die gereformeerde tradisie

3 Bouwman, 556.
4 Heyns, JA 1977. *Die Kerk*. Pretoria: NG Kerkboekhandel, 153.
5 Heyns, 158-159.
6 Bouwman, 556.
7 Heyns, 159.
8 Heyns, 157.
9 Vgl Jonker, WD 1965. *Om die regering van Christus in sy kerk.* Pretoria: Unisa.

bestempel word as pogings om die Woord van God in ’n bepaalde tyd in die taal van daardie tyd na te sê: byna ’n soort *repetitio Sacra Scriptura* of herhaling van die Skrif.[10]

Dit spreek egter vanself dat nie alle kerklik-etiese of geloofsoortuigings wat Skriftuurlik is, van ’n belydenisaard kan wees nie. Dan sou bykans alle kerklike oortuigings in belydenisskrifte vervat moes gewees het. Dit kan nie, omdat sekere geloofsoortuigings eenvoudig nader aan die kern of die hart van die verhouding God, mens en die kosmos lê as ander. Daarby spruit sommige standpunte of oortuigings uit ’n blote afweging van argumente in ’n sekere situasie of afleidings uit die Bybel en funksioneer dit nie regtig as ’n hartsbelydenis nie, maar as voorlopige gevolgtrekkings of die resultaat van kerklike besinning tot op datum.

1.2 Dit moet handel oor kernwaarhede van die geloof

’n Aanduiding van watter soort waarhede destyds as waarhede van ’n belydenisaard beskou is, kom uit die motivering van Marthinus Gregorii, voorsitter van die 18 kommissarisse-politiek[11] op die Nasionale Sinode van Dordrecht van 1618-1619, vir sy versoek dat die vergadering saam met die 23 buitelandse afgevaardigdes[12] die Nederlandse Geloofsbelydenis en Heidelbergse Kategismus (“*de leer in de Belijdenis en den Catechismus dezer kerken*”, aldus ’n Nederlandse weergawe van die Acta[13]) opnuut as belydenisskrifte oorweeg. Die versoek kom volgens hom van die Nederlandse State Generaal en behoort net te handel oor die *dogmata* en *essentia doctrinae* in hierdie geskrifte[14].

Dit is bekend dat die binne- en buitelandse afgevaardigdes die leer van albei hierdie belydenisskrifte op twee agtereenvolgende dae (30 April en 1 Mei 1619) eenparig aanvaar het as in ooreenstemming met Gods Woord en dat die teks van “*de Belijdenis*” waarvan daar tot op daardie stadium meer as een was, later deur die Nederlandse afgevaardigdes goedgekeur is.[15]

Resente teoloë in die gereformeerde tradisie sluit hulle tereg by dié gedagte aan *essentia doctrinae* aan. In sy *Bevrydende Waarheid* beweer Jonker dat die Reformatore met hulle belydenisskrifte ’n samevatting van die essensiële inhoud van die Christelike geloof wou gee. Volgens hom is die verskynsel van ’n belydenisskrif uit die praktyk gebore om die vervalle kerklike lewe opnuut te orden rondom die diens en die tug van die Woord.[16] Ander Suid-Afrikaanse teoloë soos Heyns, Pont, Smit en Durand is dit in hoofsaak hiermee eens.

Wat Heyns betref gaan belydeniswaarhede oor die “kern van openbaringswaarhede”.[17] Vir Pont moet belydenisskrifte bestaan uit ’n sistematiese en bondige samevatting van die “essensiële wat die Heilige Skrif ons leer”.[18] In sy verdediging van die ontstaan van die Belydenis van Belhar beweer Smit dat die teologiese en morele regverdiging van apartheid of gedwonge skeiding – dit

10 Naudé, P en Botha, J 1998. Jesus is die Here!. In: Naudé, P en Botha, J. *Op pad met Belhar*. Pretoria: van Schaik, 16.
11 Pont, AD 1981. *Historiese agtergronde van ons kerklike reg I*. Pretoria: HAUM, 168.
12 Daarom dat HH Kuyper in sy *De Post Acta of nahandelinge van de Nationale Synode van Dordrecht*, Amsterdam: Höveker en Wormser, na hierdie sinode verwys as ’n gereformeerde “*oecumenische concilie*”, sa, 94. Op sy beurt noem Bouwman dit ’n algemene sinode van alle gereformeerdes, 198. Die buitelanders sou afgevaardigdes vanuit Engeland, Duitsland en Switserland insluit, Pont, 168.
13 Donner, JH en Van den Hoorn, SA sa. *Acta Nationale Synode te Dordrecht*. Leiden: Donner, 325.
14 Kuyper, 325.
15 Donner en Van den Hoorn, 307vv, 320, 325. Die Acta noem die “Heidelberger” soms ook die Kategismus van die Paltz, dit is die gebied rondom Heidelberg in Duitsland.
16 Jonker, WD 1994. *Bevrydende waarheid. Die karakter van die gereformeerde belydenis*. Wellington: Hugenote-Uitgewers, 6.
17 Heyns, 156.
18 Pont, 9.

waarteen Belhar hom rig – die "hart" van die Christelike geloof en belydenis op die spel geplaas het. Daarom moes dit met 'n kerklike belydenis beantwoord word.[19] Op die meriete van hierdie beoordeling van die destydse situasie word by die bespreking van Belhar teruggekom.

In 'n breedvoerige behandeling van die saak betoog Durand dat 'n kerklike belydenis in 'n sekere historiese situasie ontstaan. Die noodsaak daarvan spruit uit die polemiese aard van die situasie, die diepe erns wat dit kenmerk, die "ongenoegsaamheid" van bestaande belydenisskrifte op die punte in gedrang en die gespreksfinaliteit wat in die situasie bereik word. Hierin lê ook die onmiddellike aktualiteit van so 'n belydenis. 'n Belydenis van kwaliteit sal egter bo sy ontstaansituasie uitstyg en aktueel bly as die omstandighede verander het. Daarom moet 'n belydenisskrif aansluit by die kernsake van die "Godsopenbaring in Jesus Christus" en hom nie ophou met "beuselagtighede" nie.[20]

Kern- of essensiële waarhede impliseer natuurlik ook periferiese of randwaarhede. 'n Benadering wat origens nie vreemd is aan die Dordtse kerkordelike tradisie nie.[21] Maar, en hierdie vraag moet ook gevra word, kan periferiese waarhede in 'n bepaalde situasie in die kern kom lê en so nuwe belydenisvorming noodsaak? Of impliseer die begrip "kernwaarhede" 'n permanente kategorisering of kompartementering van hierdie waarhede? Op hierdie vraag word daar by die bespreking van die Belydenis van Belhar – waar van die opstellers dit ter sprake gebring het – teruggekom.

1.3 Dit moenie bestaande belydenisse dupliseer nie

In sy aanvaarbare tipering van 'n belydenis as iets wat handel oor die kernsake van die Christelike geloof, sny Durand 'n ander belangrike vereiste vir nuwe belydenisvorming aan. Dit is dat nuwe belydenisskrifte nie bestaandes moet dupliseer of dieselfde waarhede maar net met ander woorde moet probeer uitsê nie.

Die bestaande, erkende belydenisskrifte van 'n kerk moet in sy hart leef en as 'n uitdrukking van die kernwaarhede van die geloof – in 'n voortgaande aksie van belydenis – ernstig geneem word. Om aanvaarde, nie gerepudieerde belydeniswaarhede te eerbiedig en daaraan gevolg te gee, moet deel van die aktief belydende kerk se daaglikse leefwyse wees. Die erns hiervan kom egter in gedrang as dieselfde geloofsgemeenskap dit nodig ag om hierdie waarhede in 'n ander belydenisskrif te dupliseer of net op 'n ander manier sê. Belydeniswaarhede is prinsipieel beskou ernstige en duursame oortuigings wat nie elke dan en wan gewysig of aangevul word nie.

Die duursame aard van belydenisskrifte impliseer 'n volgende vereiste in belydenisvorming: die ekumeniese of algemene inslag daarvan.

1.4 Dit moet 'n ekumeniese inslag hê

In sy tipering van die aard van "die" gereformeerde belydenis voer Jonker aan dat dit niks anders wil wees nie as 'n bevestiging van die één algemene of katolieke Christelike geloof. Dit omlyn hierdie geloof egter op 'n eie en eietydse gereformeerde manier. Daarom aanvaar gereformeerde belydenisskrifte die beslissings van die vroeë of ou kerk oor die Triniteitsleer en die Christologie – dit is immers gronddogmata van die Christelike kerk – maar aksentueer dit ook die soteriologie omdat die kern van die breuk met Rome hierin gelê het.[22]

---

19 Smit, DJ 1984a. "… op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en verontregte…" In: Cloete, GD en Smit, DJ. *'n Oomblik van waarheid*. Kaapstad: Tafelberg, 66

20 Durand, JJF 1984a. 'n Belydenis - was dit werklik nodig? In Cloete, GD en Smit, DJ. *'n Oomblik van waarheid*. Kaapstad: Tafelberg, 45.

21 Biesterveld. P en Kuyper, HH 1905. *Kerkelijk Handboekje*. Kampen: Bos, 213, 249.

22 Jonker, 16,21.

Die kontinuïteit met die vroeë kerk blyk byvoorbeeld duidelik uit die Nederlandse Geloofsbelydenis se uitdruklike aanvaarding van die drie ekumeniese belydenisse naamlik die Apostolicum, Nicea en Athanasius in artikel 9, sy aanduiding van God as een wese maar drie persone in artikel 8 en die twee nature van Christus in artikel 19. Dieselfde blyk uit die Kategismus se verklaring van die Apostolicum in sy tweede deel wat handel oor die verlossing. Daarmee word daar in beide hierdie geskrifte 'n sterk aantoonbare lyn na die vroeë kerk gelê (byvoorbeeld Nicea 325 nC en Chalcedon 451 nC) wat enige twyfel dat die kerke van die Reformasie 'n legitieme voortsetting van die vroeë kerk wou wees, uit die weg ruim.[23] Jonker se opmerking oor die soteriologiese klem in gereformeerde belydenisskrifte word ook geïllustreer in die klem op die sogenaamde derde artikel – van die Apostolicum wat handel oor die Heilige Gees en sy werk – en daarmee op sonde, verlossing, heiliging en kerkwees in die breër konteks van die wêreld wat vanaf artikel 15 in die Confessio Belgica voorkom en in die Heidelberger oorheers.

Die Reformatore waaronder die gereformeerdes het dus van meet af 'n ekumeniese inslag in hulle belydenisvorming gehad. Hierdie inslag is egter nie beperk tot die vroeë kerk nie, maar blyk ook uit die soeke na resente ekumeniese instemming met hulle belydenisskrifte. Daarby het dit nie alleen gegaan om 'n aantoonbare historiese lyn met die verlede of 'n konsensus in die hede nie, maar ook om die inhoud wat van 'n algemene aard moes wees. Met ander woorde, belydeniswaarhede is deur die gereformeerde Protestantisme beskou as algemene of ekumeniese waarhede – kernwaarhede – wat vir alle kerke geld.[24]

Hierdie oortuiging impliseer dat belydenis- of geloofseenheid vanuit 'n gereformeerde perspektief nie totale eendersheid in alle kerklike sake hoef te beteken nie. Calvyn self maak 'n onderskeid tussen hoof- en kleinere sake van die geloof. Laasgenoemde is sake waaroor daar in die kerk verskil kan word sonder dat dit die eenheid aantas. Dit raak immers nie die hoofsaak van die godsdiens nie en tas nie die saligheid van die gelowiges aan nie.[25] Word eenheid of eendersheid tot in die kleinste stukkie detail op die spits gedryf, gaan dit oor in 'n nie-algemene sektarisme waarin randsake die oorsaak van skeuring of verdeeldheid word.

Die ekumeniese inslag rondom kernsake is ook by die aanvaarding van sekere belydenisskrifte in die geskiedenis van die Dordtse gereformeerde tradisie merkbaar. 'n Voorbeeld in die verband lê in die aanvaardingsgeskiedenis van die Drie Formuliere van Eenheid te wete die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls. Die benaming *"formulieren van Eenigheid"* is 'n uitdrukking van die oortuiging dat die geloofseenheid van die Nederlandse Gereformeerde Kerke met hierdie belydenisskrifte verwoord word. Voor 1618 is dit op die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Kategismus toegepas. Nadat die bekende Nasionale (ekumeniese) Sinode van Dordrecht van 1618-1619 die Leerreëls opgestel het, het hy laasgenoemde deel van die Drie Formuliere van Eenheid gemaak.[26]

Op versoek van die destydse State Generaal het die Dordtse Sinode – in die woorde van voorsitter Johannes Bogerman – die "leer" van onderskeidelik die Nederlandse Geloofsbelydenis op 30 April en van die Kategismus op 1 Mei 1619 oorweeg.[27] Hierdie versoek het gespruit uit die oortuiging dat die 23 buitelandse afgevaardigdes, naas die Leerreëls, ook hulle instemming met hierdie twee *"formulieren van Eenigheid"* moet betuig.[28]

---

23 Jonker, 19. Vgl ook sy bespreking van die ontstaansmotiewe van die Nederlandse Geloofsbelydenis, 49vv.
24 Jonker, 16,18.
25 Sizoo, A sa. *Johannes Calvijn Institutie*. Delft: Meinema, 21-22.
26 Kuyper, 133; Bouwman, 569.
27 Donner en Van den Hoorn, 325.
28 Vgl voetnoot 11.

1.5 Voorbeeld: Nederlandse Geloofsbelydenis

Die ekumeniese inslag by hierdie sinode blyk egter nie slegs uit die bytrek van hierdie buitelanders nie maar ook uit die tekste van die twee *"formulieren"* wat gebruik is. Omdat Guido de Brés die Confessio Belgica oorspronklik in Frans opgestel het, het die Franse teks hiervan eerste aan die bod gekom. Dit was egter nie die eenmansteks van De Brés van 1561 nie, maar 'n hersiene teks uit 1566 omdat die belydenis van De Brés, aldus Van Itterzon, as die werk van een man *"terdege te bezien (was), voordat er een zekere bredere, kerklijke sanctie aan werd verleend"*. Die eerste Nederlandse teks van 1562 is ook nie gebruik nie, maar die hersiene uitgawe van Arent Conelissen uit 1583.[29] As Latynse teks is die teks uit die sogenaamde *Harmonia Confessionum* van die Frankfurtse Konvent van 1577 gebruik. Die rede hiervoor was nie alleen omdat dit in Latyn was nie, maar omdat dit in die *"geheele Christelijke wereld"* die mees bekende teks van hierdie belydenis was.[30]

Om 'n nog groter ekumeniese inslag aan hierdie gebeure te verleen, het die Waalse afgevaardigdes in die loop van die middag van 30 April aan die Sinode bekend gemaak dat die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Frankryk van 1583 by Vitry – naas die Confessio Gallicana van 1559 – besluit het om óók die Confessio Belgica te onderskryf.[31] Dit was hulle antwoord op die Nederlandse Nasionale Sinode van Emden wat in 1571, naas die Kategismus en die hersiene teks van die Nederlandse Geloofsbelydenis uit 1566, ook die Confessio Gallicana as belydenis aanvaar het. Die Nasionale Sinodes van beide kerkverbande was dus kennelik daarvan oortuig dat die Confessiones Gallicana én Belgica – altwee adem die gees van Calvyn – inhoudelik ooreenstem. In artikel 2 van sy handelinge sê Emden dat die vergadering óók die Franse belydenis onderskryf *"om daer mede hare verbindinghe ende eenigheyt met der selver Francoischer Kercken te betuygen*". Dit gaan hier dus om die uitdrukking of formulering van die eenheid van die geloof. Daarom vertrou Emden dat die Franse gereformeerdes ook die Nederlandse Geloofsbelydenis sal onderskryf as 'n getuienis van hulle onderlinge *"eendrachtigheyt"*.[32]

In die lig van hierdie voorgeskiedenis is dit dus nie heeltemal onverwags dat Dordt in 1619 eenparig besluit het dat die leer van die Nederlandse Geloofsbelydenis Skriftuurlik is nie.[33] Die pad hiervoor was immers reeds in 'n breë kerklike kring voorberei. Wat wel uitgesluit was, was artikel 30-32 met hulle anti-hiërargiese ingesteldheid teenoor die regering van die kerk. Die Anglikane was dit hiermee nie eens nie. Bogerman en kie wou dié kwessie egter nie by hierdie geleentheid op die spits dryf nie.[34]

1.6 Voorbeeld: Kategismus en Dordtse Leerreëls

Dit is nie duidelik watter teks of tekste van die Heidelbergse Kategismus voor die Dordtse Sinode gedien het nie. Navorsers is dit egter eens dat die Heidelberger uit verskillende geskrifte geput het waarby skrywers soos Calvyn, Beza, Bucer, Bullinger, Micron, A'Lasco, Ursinus, Olevianus en selfs Melanchton en Erastus betrokke was.[35] Dit bring Oberholzer tot die gevolgtrekking dat hierdie belydenis "verteenwoordigend geword het van die breë spektrum van die gereformeerde teologie" van sy tyd.[36] Hoewel 'n kerklike belydenis steun op teologiese insigte – in hierdie geval

29 Van Itterzon, GP 1971. *Belijnd belijden.* Kampen: Kok, 67,70.
30 Kuyper, 326.
31 Donner en van den Hoorn, 306.
32 Pont, 103.
33 Donner en Van den Hoorn, 325.
34 Donner en van den Hoorn, 305.
35 Van Itterzon, 75; Oberholzer, JP 1985. *Die Heidelbergse Kategismus*. Pretoria: Kital, 2.
36 Oberholzer, 2.

Oberholzer se "breë spektrum" – gaan dit in hierdie belydenisse natuurlik nie om teologiese formulerings nie, maar om die kernwaarhede van die geloof wat in geloofstaal verwoord word. Geloofstaal wat moet leef in die harte van die kerkvolk. Dit sou dus meer korrek wees om te beweer dat die Kategismus 'n breë spektrum van geloofsdenke of oortuigings in die destydse gereformeerde wêreld verteenwoordig het.

Dit wil voorkom asof keurvors Frederik III van die Palts (Frederik die Vrome) se oogmerke met die daarstel van die Kategismus ook in hierdie rigting geloop het. Dit was hy wat aan sy 28-jarige dogmatiek-professor, Zacharias Ursinus, die versoek gerig het om 'n konsepkategismus op stel vir voorlegging aan 'n komitee van 6 en daarna aan kerklike vergaderings. 'n Proses waarby Casper Olevianus ook mettertyd betrokke geraak het. Frederik wou 'n stuk hê wat nie aggressief teenoor mede-Protestante was nie, mild teenoor Lutherane, wars aan teologiese twiste en deurtrek van 'n innige, gematigde gereformeerde vroomheid.[37] Hy het gehunker na eenheid onder alle Protestante en die Kategismus sou 'n uitdrukking van die eenheid van hulle geloof kon wees. 'n Eenheid in die hoofsake wat beslis nie eendersheid in alle sake geïmpliseer het nie.

Dit is waarskynlik aan hierdie benadering én sy klem op die troos van die gelowige te danke dat die Heidelberger ten koste van Calvyn se ietwat strakker Geneefse Kategismus groot aanhang onder gereformeerde Nederlanders gevind het. In hierdie proses het die Nederlandse vertaling van Petrus Dathenus – dit verskyn soos die Kategismus ook die eerste keer in 1563 – 'n deurslaggewende rol gespeel. Dathenus met sy vlugtelinggemeente is in die dae van die Spaanse vervolging gasvry deur Frederik in die Palts ontvang.[38] Reeds by die eerste vergaderings van die breedste verband van die Gereformeerde Kerk in Nederland, die Konvent van Wesel en die Sinode van Emden, is die Kategismus saam met die Nederlandse Geloofsbelydenis as belydenisskrif aanvaar.[39] 'n Posisie wat by die Dordtse Sinode van 1618-1619 met sy 23 buitelanders met entoesiasme en by wyse van herhaling ekumenies bevestig is.[40]

Hierdie buitelanders het ook 'n aandeel geneem aan die Sinode se opstel en aanvaarding van die derde geskrif van die Drie Formuliere van Eenheid, die Dordtse Leerreëls. Immers, hulle het hierdie Sinode juis bygewoon omdat die onmiddellike rede vir die hou van die Sinode en die gevolglike ontstaan van die Leerreëls, die Arminianisme, hulle ook intens geraak en verontrus het.[41]

Vir gereformeerdes in die Dordtse tradisie het belydenisvorming dus onteenseglik 'n ekumeniese inslag gehad. 'n Inslag wat enersyds sou spruit uit die algemene aard van belydeniswaarhede, maar andersyds ook uit die behoefte aan 'n verklaarde geloofsband met die vroeë kerk én met resente gereformeerdes.

2. DIE ROL, GESAG EN RELEVANSIE VAN BELYDENISSKRIFTE IN KERKVERBAND

2.1 Rol en relevansie van belydenisskrifte

In die inleiding van hierdie stuk is die kwessie van die belydenis as die akkoord of *"parool"* (Bouwman se uitdrukking) van kerklike gemeenskap in 'n bepaalde kerkverband reeds gemotiveer. Kerkeenheid is ten diepste geloofs- of belydeniseenheid. Gelowiges soek – en vind – mekaar in kerkverband omdat God hulle gesoek en gevind het én in die proses tot 'n

37 Van Itterzon, 75.
38 Van Itterzon, 77.
39 Biesterveld en Kuyper, 15,35.
40 Donner en Van den Hoorn, 320. Die Engelse afgevaardigdes het agterna vertel dat die Hollanders daar 'n klein boekie – die Kategismus – het waarvan die afsonderlike bladsye nie met tonne goud betaal kan word nie, Van itterzon, 78.
41 De Jong, O 1985. *Nederlandse Kerkgeschiedenis.* Nijkerk: Callenbach, 188vv.

gemeenskaplike geloofsbelydenis gebring het. Hierdie uitgangspunt steun onder andere op Christus se reaksie op Petrus se belydenis in Matteus 16 dat Hy die Christus, die seun van die lewende God is. Volgens die Here Jesus sou Hy sy kerk op hierdie man en sy belydenis bou, omdat dié belydenis nie deur 'n mens nie, maar deur sy Vader in die hemel bewerk is.[42]

Daar leef 'n breë eenstemmigheid onder gereformeerdes in die Dordtse tradisie dat kerkverband 'n verband van gemeentes is. Of dit 'n losser federale of 'n nouer sinodale verband is. Kerkverband is 'n verband van gemeentes as volledige kerke of *ecclesiae completae*. Dat gemeentes volledig kerk is, beteken nie dat hulle die hele kerk of volmaak kerk is nie. Dit beteken alleen dat die merktekens of kenmerke van die ware kerk slegs in die gemeente aangetref kan word. Hierdie merktekens of *notae ecclesiae* is die suiwere prediking van die Woord en sakramente en die handhawing van die kerklike tug. Die begronding hiervoor word gevind in Skriflyne soos saamgetrek in artikel 29 van die Confessio Belgica. Histories gaan hierdie benadering terug tot op Calvyn. Die gemeente bly kerk – volledig kerk – selfs al bly daar net een gemeente op aarde oor.[43]

Maar, juis omdat die gemeente in hierdie sin en teen hierdie agtergrond volledig én belydend kerk is, tree hy gewillig en vrywillig met ander gemeentes van dieselfde belydenis en hoofsake van kerkinrigting toe tot kerkverband.[44] In die woorde van Heyns: *"'n Kerk tree tot die verband toe, nie met die doel om kerk te word nie, maar omdat hy kerk is"*.[45] As die belydenis die kerk of die gemeente hét, soek dit spontaan verband met ander kerke wat in die greep van dieselfde belydenis verkeer. Die klem val hier op kern- of hoofsake wat as belydenissake die hele inrigting en bediening van die kerk moet bepaal. Immers, Bybels gesien moet daar 'n aantoonbare en konsekwente lyn vanuit die Skrif deur die belydenis na die hele kerklike inrigting en bediening deurloop.[46] Waar die Gees deur die Woord mense tot 'n belydenis van Christus bring, waar die Woord en die belydenis die inrigting en bediening van die kerk bepaal, daar word die kerk van Christus gebou. Die Algemene Sinode van die NG Kerk van 1998 stel dit so:

> *"…die behoud van die gereformeerde karakter van die Ned Geref Kerk (staan) in direkte verband met die wyse waarop daar in die kerklike lewe, liturgie, prediking en onderrig aangesluit word by die verstaan van die evangelie soos dit in die historiese gereformeerde belydenisskrifte neerslag gevind het"*.[47]

Die rol en relevansie van die belydenisse van die kerk word deur Jonker en andere goed saamgevat as hulle dit die spreekreëls vir die verkondiging van die Woord – deur die handhawing van die *notae ecclesiae* – noem. Daardie verkondiging en onderrig wat sentraal in 'n gereformeerde kerk se totale bediening moet staan. Die kerk se belydenisse word so 'n *stok* om dwaling mee te slaan, 'n *staf* om op die pad van die Woord te gaan én daarom 'n *stem* wat 'n lied vir God sing.[48]

Dit bring ons by die gesag van belydenisskrifte in 'n gereformeerde kerkverband.

---

42. Hill, D 1972. *The Gospel of Matthew,* London: Oliphants, 261.
43 Bavinck, H 1967. *Gereformeerde Dogmatiek IV*. Kampen: Kok, 356.
44 Bouwman, 16-17.
45 Heyns, 173.
46 Vgl Du Plooy, A le R 1988. *Die verband tussen die Skrif, konfessie en kerkorde volgens die gereformeerde kerkreg*. Potchefstroom: PU vir CHO.
47 Ned Geref Kerk 1998. *Handelinge Algemene Sinode*. Sl:sn, 465.
48 Jonker, 8-9.

2.2 Gesag van belydenisskrifte

Die titel van sy boekie oor die gereformeerde belydenis, *Bevrydende Waarheid*, dui reeds daarop dat Jonker die rol van hierdie geskrifte in die kerk hoog aanslaan. Tog huiwer hy nie om te sê dat die primaat van die Woord oor alles in die kerk moet wees nie, omdat dit die skerp konsekwensie van die *sola scriptura*-beginsel van die Reformasie is.[49] Die gesag van enige kerklike uitspraak kan nooit meer as afgeleide gesag wees nie, omdat alle kerklike uitsprake hulle gesag in finale instansie aan die Woord ontleen. Eintlike kerklike gesag is Woordgesag sodat die gesag van kerklike belydenisse ten diepste daarvan afhang of hulle op die Skrif steun. Kerklike belydenisse is volgens Bouwman geen tweede Bybel nie.[50]

Dit beteken egter nie dat gereformeerde belydenisskrifte kerklik gesproke gerelativeer kan word of nie bindend op alle lidmate kan wees nie. Dit gaan hier immers om geformuleerde gemeenskaplike kernoortuigings wat juis vanweë die oortuiging dat dit hoofsake van die Bybelse geloof verwoord, in belydenisse opgeneem is. Hierdie oortuigings as die afspraak of basis vir geloofsgemeenskap tussen gelowiges in gemeente- en kerkverband kan fisies ook onderteken word omdat dit geglo word. Jy kan tog nie eg bely as jy nie glo wat jy bely nie. Aan die een kant verwoord dit as ’n soort indikatief bestaande gemeenskaplike oortuigings en aan die ander kant verbreed oorreding tot instemming met ’n omskrewe of geformuleerde belydenis as ’n soort imperatief die geloofseenheid van die kerk.[51]

Op hierdie punt huiwer daar twee gevare vir die kerk. Die eerste een is ’n konfessionalisme wat die bestaande belydenisse in effek op dieselfde onveranderlike voet plaas as die Skrif en in sy uitleg hiervan dikwels van ’n meganiese, a-historiese hermeneutiek uitgaan. Die tweede kom neer op leervryheid waarin byvoorbeeld die Drie Formuliere van Eenheid as ’n blote uitdrukking van die geloof van die vaders en daarom slegs ’n historiese interessantheid gesien word. Vaders met wie ons darem op een of ander manier geloofsgemeenskap het.[52] Die eerste verabsoluteer en verewig die tradisionele *quia*-standpunt ten opsigte van bestaande belydenisse en versper so die opening wat dit vir belydenishervorming bied. Die tweede dryf die tradisionele *quatenus*-houding tot sy logiese konsekwensie en laat die deur wyd oop vir ’n konfessionele independentisme – geen gelowige is sonder een of ander belydenis nie – en kerklike willekeur. Altwee hierdie rigtings gaan teen die grein in van dit wat onder ’n Woordgetroue belydende kerk verstaan moet word.[53]

Op dieselfde lyn as die Dordtse tradisie met sy *essentia doctrinae* het die Algemene Sinode van die NG Kerk in 1998 geoordeel dat die gesag van die erkende belydenisskrifte van hierdie kerk setel in hulle verwoording van die *“gereformeerde geloofsoortuiging”*. Hulle is in hulle weergawe van hierdie oortuiging gesagvol omdat (*quia*) dié weergawe met die Skrif ooreenstem. Hulle het gesag in die *“saak wat hulle volgens die Skrif wil bely”*. Hierdie erkenning van die vergadering sluit nie ’n wysiging of aanvulling van hierdie belydenisse uit nie, mits dit langs die ordelike kerklike weg van ’n behoorlik getoetste gravamen geskied. Op dié manier wou die Sinode antwoord op teologiese ontwikkelings ná die ontstaan van dié geskrifte deur by implikasie te kenne te gee dat die gesag daarvan nie lê in die antwoord op die vraag of hulle elke Bybelteks reg gebruik of die skrywer van elke Bybelboek (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 4) reg het nie.

---

49 Jonker, 28.
50 Bouwman, 569.
51 Vir die geskiedenis van die ondertekeningsformulier in die Dordtse tradisie, vgl Kuyper, 445vv.
52 Generale Synode van de Protestantse Kerk in Nederland, 2003. *Kerkorde en ordinanties*. Zoetermeer: Boekencentrum, 25.
53 Ned Geref Kerk 1998, 414-415.

Die gesag van die Drie Formuliere, aldus die Sinode, setel in hulle verwoording van geloofsoortuigings wat *"volgens hulle Skriftuurlike bedoeling"* vertolk moet word.[54]

Met hierdie hele betoog as agtergrond en raamwerk van beoordeling verskuif die aandag nou na die Belydenis van Belhar. Die doel is om vas te stel of hierdie stuk aan bogenoemde vier vereistes vir 'n gereformeerde belydenisskrif voldoen en op dieselfde gesag kan aanspraak maak as die Drie Formuliere van Eenheid. Die vereistes word in die gang van die bespreking van Belhar bygetrek en nie noodwendig in dieselfde volgorde as hierbo nie.

3. DIE BELYDENIS VAN BELHAR GETOETS

3.1 Ontstaansgeskiedenis

Die stuk wat as die Belydenis van Belhar bekend staan, het in 1982 by die Sinode van die destydse NG Sendingkerk ontstaan. In sy kern was dit 'n belydenis wat hom wou uitspreek teen wat in die begeleidende brief 'n valse leer en 'n ideologiese verdraaiing van die evangelie genoem is: die morele en teologiese regverdiging van kerklike en politieke apartheid in Suid-Afrika. Belhar sou 'n hoogtepunt word in die sogenaamde kerklike belydenisbeweging teen apartheid.[55]

Die Sinode van 1982 besluit op 1 Oktober om die *status confessionis* van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke téén die teologiese en morele regverdiging van apartheid wat pas in Augustus in Ottowa afgekondig is, te bevestig, maar ook 'n stap verder te gaan. Nog tydens die vergadering word 'n konsepbelydenis geformuleer wat voor die volgende sinode in 1986 deur die ringe en gemeentes van die Sendingkerk bespreek word. Tien uit die 267 gemeentes sê op die ou end "nee" vir hierdie konsep. Op sy beurt aanvaar die Sinode van 1986 Belhar met kleinere taalkundige wysigings. Vier en twintig uit die 498 afgevaardigdes sien nie kans om die dokument ter sinode te teken nie.[56]

'n Voorstander van Belhar verwys na die drie kernsake wat dit verwoord as die van geleefde, sigbare eenheid, ware versoening en ontfermende geregtigheid.[57] Die Skriftuurlike verstaan en deurwerking hiervan in geloof en praktyk staan volgens die stuk daardie dwaalleer wat gedwonge skeiding en aparte kerkformasie teologies wil legitimeer, vierkantig in die weg.[58]

Die eerste vraag wat die nuwe belydenis oproep is die vraag of die sake wat hier hanteer word, nie reeds in die bestaande belydenisskrifte van destydse die Sendingkerk opgeneem was nie. Sommige voorstanders van Belhar hou vol dat dit nie die geval is nie.

3.2 Eenheid, versoening en geregtigheid nie reeds in Drie Formuliere?

Durand betoog dat die eenheid van die kerk in die Drie Formuliere van Eenheid bloot as 'n onderdeel van ander uitsprake oor die kerk voorkom. Die situasie in Suid-Afrika waar kerke op 'n rassegrondslag geskei was, was deel van 'n breër samelewingspatroon en het daartoe gelei dat mense wat in dieselfde waarheid staan en dieselfde geloof bely, onderlinge bitterheid en suspisie ontwikkel het. Die situasie is ook teologies geregverdig sodat Belhar volgens hom eenvoudig meer

---

54 Ned Geref Kerk 1998, 414.

55 Durand, JJF 1984b. Belhar – krisispunt vir die NG Kerke. In: Cloete, GD en Smit, DJ. *'n Oomblik van waarheid*. Kaapstad: Tafelberg, 126; Strauss, PJ 2004. Die teologiese en morele regverdiging van 'n *status confessionis*. *Acta Theologica Supplementum 6*, 108-109.

56 Botha, J 1998. Belhar – 'n staf om vandag en môre mee te gaan. In Botha, J en Naudé, P. *Op pad met Belhar.* Pretoria: Van Schaick, 56.

57 Botha, 54.

58 NGSK 1986. *Die Belydenis 1986*. Sl:sn, 2-6.

moes sê as wat die bestaande belydenisse sê. Daarby kom die kwessie van versoening tussen mens en mens en die rol van die kerk as vredemaker in 'n versoeningsproses ook nie uitdruklik in die Drie Formuliere voor nie. En in Suid-Afrika het die ernstige gevolge van gedwonge skeiding in die naam van Christelikheid die evangelie van versoening ongeloofwaardig gemaak. Die spesifieke kant van geregtigheid wat Belhar na vore bring, sien hy ook nie in die Drie Formuliere nie.[59] In 'n ander geskrif erken Durand dat Belhar belydenisgewys nie met iets nuuts vorendag gekom het nie. Die konteks van die situasie waarin Belhar wou praat, het egter so wesenlik van dié van die Drie Formuliere verskil, dat dit wat Belhar wou sê, bloot by implikasie vanuit hierdie geskrifte afgelei kon word.[60]

'n Eie kykie op wat die Drie Formuliere oor kerkeenheid, geregtigheid en die versoening van mense in Christus oplewer, bring egter aan die lig dat hierdie geskrifte nie net by implikasie by hierdie sake uitkom nie, maar op sekere punte ook in redelike detail. Detail wat die destydse Suid-Afrikaanse situasie ten nouste raak.

'n Stukkie ironie lê in die feit dat die naam van die Drie Formuliere uitdruklik gekoppel word aan die eenheid van die kerk. Anders as by Belhar met sy besondere klem op die sigbare eenheid van die kerk, kom die sigbare sowel as die "onsigbare" kante van die een, heilige, algemene Christelike kerk met al die implikasies daarvan vir die georganiseerde kerk én die res van die samelewing in die geheel van die Drie Formuliere ryker en meer omvattend na vore as by Belhar. Die sogenaamde derde artikel van die Apostolicum wat handel oor die werk van die Heilige Gees en daarom die kerk, is die fokuspunt van meer as die helfte van die Nederlandse Geloofsbelydenis naamlik artikel 15 tot 37. Veral artikel 27 tot 29 konsentreer op die meer sigbare implikasies van die belydenis van hierdie een, heilige en algemene kerk. Hierin word die sigbare eenheid as 'n vanselfsprekendheid aanvaar en verklaar dat niemand, wat sy stand of status ook al is, hom in selftevredenheid van dié vergadering afsydig mag hou nie. Almal wat glo, is verplig om hulle hierby aan te sluit, waar God dit ook al gevestig het. Selfs al sou regerings en wette van regeerders daarteen wees en daarvoor die doodstraf oplê. Sterker taal oor die universele sigbaarmaking van die eenheid van die kerk as 'n kernwaarheid is nouliks denkbaar. Veral nie as dit saamgelees word met wat die Kategismus in antwoord 54 en 55 oor dieselfde kerk en die gemeenskap van die heiliges sê nie. Hier word die gelowige 'n lewende en blywende lid van die gemeente van die Here genoem wat saam met al die ander lede aan Christus en al sy skatte en gawes deel het en as indiwiduele lid verplig is om sy gawes sigbaar en gewillig tot nut en saligheid van die ander aan te wend. Is die kwessies van "stand en status", sigbare eenheid ten spyte van die moontlike reaksie van politieke bewindhebbers en die aanwending van gawes tot nut en saligheid van ander nie aanknopingspunt genoeg vir dít wat Belhar oor die eenheid van die kerk wou sê nie?

Wanneer dit kom by versoening tussen mense, staan die Drie Formuliere diep gedrenk in God se genadige versoening met die mens wat laasgenoemde uit dankbaarheid moet uitdryf tot versoening met die naaste. Dit is so dat die begrip versoening tussen mense meer implisiet as eksplisiet hierin voorkom. Wat egter belangrik is, is dat antwoord 93 van die Kategismus die saak van versoening of 'n lewe in naasteliefde koppel aan die uitlewing van die tweede tafel van die wet en daarmee 'n saak uitmaak vir versoening en vrede op basis van God se reg en geregtigheid. Volgens hierdie belydenis gaan dit by die tweede tafel van die wet om dit wat ons aan ons naaste – in 'n omvattende sin – verskuldig is. Boonop hanteer hierdie geskrif die kwessie van noodlydend, arm en verontreg, anders as Belhar, nie teen die gesuggereerde agtergrond van 'n

59 Durand, JJF sa. *Die Belydenis van Belhar en kerkvereniging*. Ongepubliseer, 4-5.
60 Durand 1984a, 44.

antitese tussen die "haves" en die "have nots" nie, maar binne die kader van die dankbare gehoorsaamheid van alle verlostes aan God se gebooie. Die enigste bevoorregtes en magtiges waarna Belhar verwys, is dié wat uit selfsug hulle eie belang soek en oor ander beskik en hulle benadeel. Dit laat die leser dus met die "onskuldige" noodlydendes, armes en verontregtes teenoor die "skuldige" selfsugtige bevoorregtes en magtiges. Tereg wys 'n stuk vanuit die Evangelischen Kirche der Union in Duitsland daarop dat dit by Belhar skynbaar ontbreek aan 'n besef dat sekere instansies in die samelewing en die persone wat dit beman, soos die staat en owerheidspersone, deur God met die bevoegdheid beklee is om in sekere sake oor ander te besluit. Is dit dalk situasiedruk waarvan die bevrydingsteologie deel was, wat vir hierdie eensydigheid of oorsig by Belhar gesorg het?[61]

As dit dan so is dat die Drie Formuliere die beginsels van kerkeenheid, versoening en geregtigheid – selfs by implikasie – aansny, maar dat Belhar dit meer spesifiek en situasiegerig wou deurtrek na die praktyk in Suid-Afrika, waarom dit probeer doen met 'n nuwe belydenis? Is dit in die lig van alles wat reeds hierbo gesê is, nie prinsipieel meer korrek om dit te vervat in 'n verklaring wat dit laat by die konkrete implikasies van die Skrif en die bestaande belydenisse vir die situasie nie? Hoe op die hoogte was die Sinode van die Sendingkerk in 1982 met die vereistes vir nuwe belydenisvorming én met wat die Drie Formuliere reeds oor hierdie temas sê toe hulle op inisiatief van Gustav Bam besluit het dat 'n geformuleerde belydenis noodwendig moet volg op die afkondiging van 'n *status confessionis*? Veral as dit in ag geneem word dat die saak nie vooraf op die agenda was nie en op die ou end via 'n tydelike kommissie gekom het? Moes die feit dat 44 afgevaardigdes sover gegaan het as om hulle stem in die minderheid teen 'n *status confessionis* te laat aanteken nie die vergadering tot meer langsame haas gebring het nie?[62] Wat van 'n noodsaaklike ekumeniese inslag by die kerklike aanvaarding daarvan?

3.3 Ekumeniese inslag by aanvaarding van Belhar gebrekkig

Ons het reeds gesien dat die kerklike sanksie van 'n belydenis tog 'n deeglike en soms gestadigde ekumeniese inslag moet hê wat "tuis" begin en van daaruit breër aanvaarding soek. Die argument dat belydenisskrifte dringende en dwingende geskrifte is wat in 'n kairosmoment ontstaan[63] en dat Belhar daarom nie 'n nuwe samevatting van geloofsgoedere nie, maar 'n kreet uit die hart is,[64] ignoreer hierdie vereiste. Dit is juis die algemene aard van belydenissake wat die dringendheid daarvan relativeer. Die erns van die situasie waarin bely word – die kairosoomblik – kan nie die ekumeniese inslag by die kerklike aanvaarding van die belydenis wat hieruit ontstaan, kanselleer nie. Veral nie as die afkondiging van 'n *status confessionis* vooraf reeds die erns van die situasie onderstreep het nie.

Die vraag kan in elke geval gevra word of die Sinode van 1982 in sy soeke na kerklike aanvaarding van die konsepbelydenis volledig rekening gehou het met hierdie ekumeniese inslag? Waarom dit dan in die jare 1982-1986 tot die kerkverband van die Sendingkerk beperk en sy verwerping van 'n voorstel dat die NG Kerk eers vooraf in die saak geken word?[65]

Botha beweer – soos Bam en die Sinode van 1982 – dat wanneer jy jou in 'n *status confessionis* bevind die "*woord wat op hierdie plek spreek, die status van 'n belydenis (moet) hê*".

---

61 Evangelischen Kirche der Union (EKU) sa. *Das Bekenntnis von Belhar und die Barmer Theologische Erklärung*. Ongepubliseer, 4.
62 Boshoff, CWH 2005. *Belydenis van Belhar*. Ongepubliseer, 2.
63 Naudé en Botha, 13.
64 NGSK 1986. *Die Belydenis van 1986 – begeleidende brief*. Ongepubliseer, 7
65 NGKA sa. *Gespreksdokument*. Ongepubliseer, 17.

Dit mag so wees, maar dit beteken nie noodwendig dat dit 'n belydenis in die klassieke gereformeerde sin van die woord hoef te wees nie. Die vertolking van die Wêreldbond in 1982 en later in 1998 van hulle eie *status confessionis* teen die teologiese en morele regverdiging van apartheid bevestig dit. Jy sou 'n *status confessionis* teen 'n sekere omskrewe saak kon aanvaar en jou weerstand daarteen op die vlak van 'n belydenis kon plaas sonder om tot nuwe belydenisvorming oor te gaan.[66] In die lig hiervan is dit 'n vraag of Belhar nie in elke geval 'n eensydige getuienisdaad van die NG Sendingkerk was nie waarvan die belydenisskrifkarakter – in die klassieke sin van die woord – tot nou toe moeilik by ander kerke oorkom.[67] Die ekumeniese visie van die Sinode van 1986 vir die uitdra van Belhar bevestig dié eensydige getuieniskarater. Hierdie visie het slegs voorsiening gemaak vir die bekéndstelling van Belhar aan ander kerke.[68] Natuurlik sou hy dit verwelkom dat ander kerke dit as belydenis aanvaar, maar wat homself betref was sy goedkeuring nie van die saamstem van hierdie kerke afhanklik nie. Vir hom was dit 'n afgehandelde daad van belydenisvorming.

Hoewel die Sinode van 1986 Belhar eventueel op dieselfde voet as die Drie Formuliere van Eenheid geplaas het, wil dit voorkom asof dit nie die presiese bedoeling was van Dirkie Smit wat ook by die opstel daarvan betrokke was nie. Dit blyk uit sy nota van motivering aan die Sinode van 1986 oor waarom Belhar as belydenis aanvaar *moet* word. In 'n antisipasie van weerstand op die Sinode oor sekere uitdrukkings in die konsep, beweer Smit dat 'n belydenis nie deur 'n meerderheidstem alleen of gewetensdwang aanvaar moet word nie, maar deur 'n proses van gee en neem waarin gelowiges mekaar opnuut vind. Vir hom is dit belangrik dat mens die saak waarom dit gaan onderskryf en nie spesifieke woorde of uitdrukkings nie. Wat Belhar betref behels dit die Bybelse waarhede oor kerkeenheid, versoening en geregtigheid.[69] Dit is bekend dat 24 van die 498 afgevaardigdes by die Sinode van 1986 Belhar nie wou onderteken nie.[70] Predikante het egter tot die eersvolgende ringsitting kans gekry om dit te doen, terwyl toelating tot die bediening sowel as die goedkeuring van 'n beroep ook van ondertekening afhanklik gemaak is.[71] Teen Smit se bedoeling in is Belhar dus met 'n meerderheidstem aanvaar en in feite op diegene wat daarmee 'n probleem gehad het, afgedwing. Eenstemmigheid in die NG Sendingkerk self oor Belhar sou dus, anders as wat die voorskrif in sy eie artikel oor kerkeenheid lui, nie by almal in vryheid en sonder dwang gestalte kry nie. Nie ekumeniese oortuiging nie, maar die wil van 'n tweederde meerderheid sou hier beslis.

3.4 Bly Belhar by kernsake van die geloof?

In hulle nota oor 'n vergelyking tussen Belhar en die Barmenverklaring van 1934 kom die stuk van die Evangelischen Kirche der Union tot die slotsom dat Belhar 'n eties-politieke probleem tot 'n belydeniskwessie verhef.[72] Hierdie opmerking plaas die vraag op die tafel of Belhar hom met

66 Ned Geref Kerk 1998, 413.
67 Teen 2003 is die enigste ander kerk wat Belhar as belydenis aanvaar het, die Verenigde Protestantse Kerk in België, vgl Naudé, P 2003. "A gift from heaven" – the reception of the Belhar Confession in the period 1982-2000 and its ecumenical significance today. *Ned Geref Teologiese Tydskrif* 44/3 en 4: 407-420; vgl ook Naudé, P en Pratt, D 2003. South speaks to South: a New Zealand response to the kerygma of Belhar. *Ned Geref Teologiese Tydskrif* 44/3 en 4, 421-432.
68 NGSK 1986. *Die Belydenis 1986 – gesprek met ander kerke*. Ongepubliseer, 16.
69 Smit, DJ 1986. *Die Belydenis 1986 – enkele toeligtende gedagtes voor die aanvaarding*. Ongepubliseer, 10-11.
70 Botha, 56.
71 NGSK 1986. *Die Belydenis 1986 – ordening na binne en betrekkinge na buite*. Ongepubliseer, 13-15.
72 EKU, 3.

rand- of kernsake van die geloof besighou. Hou Belhar hom by belydeniskwessies of oortree dit die stelreël *in statu confessionis nihil est adiophoron* (vry vertaal in Afrikaans: in ’n geval van ’n *status confessionis* – of wanneer die saak op die vlak van ’n belydenis lê – hou jy jou nie op met randsake nie)?

Smit beweer dat die buitengewone of “abnormale” aard van ’n situasie daartoe kan lei dat houdings, standpunte en aksies wat normaalweg as adiafora deurgaan, by die kern betrek word. Volgens hom het gedwonge skeiding en aparte kerkformasie soos gelegitimeer vanuit ’n valse leer of ideologie in Suid-Afrika deel van ’n samelewingspatroon geword wat die status en posisie van mense as mense op grond van hulle ras bepaal het. Die stelsel het tot onderlinge vervreemding en verbittering gelei en die hart van die evangelie en die gereformeerde belydenis op die spel geplaas.[73] Op Durand se mening dat apartheid in die naam van Christelikheid die geloofwaardigheid van die evangelie aantas, is reeds gewys. En vanaf die vloer van die Sinode van 1982 sou Bam aanvoer dat die apartheidsreëlings van kerk en staat in Suid-Afrika ’n bedreiging vir sy verstaan van die evangelie geword het.[74]

Twee opmerkings is hier ter sake. Die eerste is dat die oordeel dat rand- of politiek-etiese sake in ’n bepaalde situasie in die kern kom lê het, afhanklik is van die subjektiewe ervaring van gelowiges in daardie situasie en daarom nie noodwendig met konsensus aanvaar sal word nie. Dit maak so ’n oordeel moeiliker. So was dit ook in Suid-Afrika in 1982. Die tweede is dat die weerlegging van so ’n verdraaide leer of stelsel met ’n belydenis die risiko inhou dat jy sake wat normaalweg op die rand lê, in finale instansie of op sekere punte korrigeer met argumente wat normaalweg self ook op die rand lê. En juis omdat belydeniskwessies hulle eie tyd as kernkwessies moet kan oorspan en in ander – normale! – situasies as kernkwessies moet kan deurgaan, kan dit die kernwaarheidskarakter van so ’n belydenis in gedrang bring. In die geval van Belhar is hierdie gevaar nie denkbeeldig nie. Twee voorbeelde illustreer hierdie opmerking.

Aan die einde van sy deel wat oor die eenheid van die kerk handel, wys Belhar aparte kerkformasie – of aparte sigbare kerke of strukture – af. Dit sou dan opkom uit ’n verabsolutering van óf die natuurlike verskeidenheid óf die sondige geskeidenheid.[75] Wat Belhar onder aparte kerkformasie verstaan, is egter nie duidelik nie. Sou dit aparte gemeentes vir bruin en swart – soos dit tans in die Verenigende Gereformeerde Kerk wat Belhar onderskryf, bestaan – insluit, of geld dit net vir ringe en sinodes? As dit net vir ringe en sinodes geld, gaan dit hier eintlik om aparte kerkverbande. Dit skep ’n probleem omdat die praktiese uitwerk van ’n kerkverband onder gereformeerdes nog nooit ’n belydeniskwessie of kernsaak was nie, maar verskillende vorme in verskillende situasies kon aanneem. Ten tye van die ontstaan van Belhar het die familie van NG Kerke ’n federale vorm van kerkverband met ’n federale raad gehad. Vir Belhar was dit blykbaar steeds aparte kerkformasie. Die enigste gereformeerde alternatief hiervoor sou ’n sinodale verband in een of ander vorm wees. Sou dit beteken dat Belhar dit as die enigste Skriftuurlike vorm van kerkverband of sigbare eenheid beskou? Dus: ’n verabsolutering van ’n bepaalde opsie in ’n bepaalde situasie as die enigste normatiewe opsie vir sigbare kerkeenheid onder watter omstandighede ook al?[76]

---

73 Smit 1984a,66; Smit, DJ 1984b. Wat beteken *status confessionis*? In: Cloete, GD en Smit, DJ. ’n *Oomblik van waarheid.* Kaapstad: Tafelberg, 22.

74 Verbatim in Ned Geref Kerk 1982. *Handelinge van die Algemene Sinode*. Sl:sn, 1072-1073.

75 NGSK 1986, 3-4.

76 Beide die stukke van die EKU, 8 en die NGKA, 9 meen dat Belhar ’n eensydige klem op die sigbare eenheid van die kerk plaas.

Voorstanders van Belhar as belydenis beweer dat dit nie apartheid by die naam noem nie sodat dit as belydenis nog lank na apartheid sal bly voortleef.[77] Die feit dat Belhar wel in sy deel oor die versoening na die Suid-Afrikaanse bestel van destyds as gedwonge skeiding verwys, laat hierdie stelling geforseerd oorkom. Uit die Begeleidende Brief en ander stukke van die destydse NGSK rondom Belhar, blyk dit in elke geval duidelik dat dit hier om apartheid en sy teologiese en morele regverdiging gaan.[78]

Twee kritiese vrae is hier op hulle plek. Die eerste is die byna retoriese vraag of die tipering van die agtergronde én praktyk van 'n bepaalde samelewingsbestel op kernwaarhede of belydeniskwessies neerkom?[79] Dit kán tog nie. Die tweede vraag is of Belhar se "verpakking" van apartheid die enigste moontlike vertolking of weergawe daarvan is? Was die enigste redes vir die gedwonge rasseskeiding van destyds Belhar se "vooroordeel, vrees, selfsug en ongeloof" in die versoenende krag van die evangelie?[80] Op hierdie punt lyk Belhar prinsipieel anders as die Barmenverklaring van die sogenaamde Bekennende Kirche in Duitsland in 1934. Belhar wou as 'n kulminasiepunt van 'n kerklike belydenisbeweging teen apartheid aansluit by Barmen as sy voorbeeld en inspirasie.[81] Die naaste wat laasgenoemde egter aan die nasionaal-sosialistiese bestel in die destydse Duitsland kom, is sy kritiese afwysing van 'n alternatiewe openbaringsbron in hierdie filosofie en die kerk-en-staatbeskouing wat uit die nasionaal-sosialisme opgekom het.[82]

Hierdie twee voorbeelde van hoe Belhar met apartheid omgaan, onderstreep boonop een opmerking in sy Begeleidende Brief waarin Belhar verskil met die tradisionele gereformeerde belydenisskrifte: "Ons doen hierdie belydenis … nie as …'n *nuwe samevatting van (al) ons geloofsgoedere* nie, maar as 'n *kreet uit die hart*, as 'n dwang wat ons opgelê is om die evangelie ontwil *in die lig van die oomblik waarin ons staan*"[83] (my kursivering, PJS).

3.5 Belhar, die Skrif en 'n nuwe verband in die NGK-familie.

Oor die Skriftuurlikheid van baie van dit wat in Belhar voorkom, kan daar nie twyfel wees nie. Tog is dit uit dít wat reeds in hierdie stuk oor Belhar gesê is, duidelik dat daar ook probleme op hierdie punt lê. Beide die Bybel en die Drie Formuliere van Eenheid hanteer sommige sake anders as Belhar. 'n Bepaalde voorskrif of model vir kerkverband kom byvoorbeeld nie in die Bybel of die Formuliere voor nie, terwyl beide die kwessie van die noodlydendes, armes en verontregtes in 'n ander konteks plaas.

Die probleem met Belhar en die Skrif handel dus nie oor daardie gedeeltes waarin Belhar eintlik die Skrif nasê nie, maar waar Belhar die Skrif meer laat sê as wat dit wil sê of waar dit die Skrif se opkom vir die – verontregte!? – noodlydendes en armes wat geen stem het nie, binne die gesuggereerde konteks van 'n antitese tussen die "haves" en "have nots" plaas. Wat die kwessie van om die Skrif meer te laat sê as wat dit wil sê betref, word die Skrif dus by implikasie onder Belhar se beklemtoning van sigbare kerkeenheid ingeskuif en Belhar se soort apartheid as onskriftuurlik verklaar.

Hiermee is die laaste woord oor hierdie twintigste eeuse poging tot belydenisvorming natuurlik nie gespreek nie. Besware teen Belhar in die lig van die vereistes wat aan 'n

77 Vgl byvoorbeeld Durand sa, 6.
78 NGSK 1986, 7vv.
79 NGKA, 11.
80 NGSK 1986, 4.
81 Strauss, 109.
82 Doekes, L 1975. *Credo*. Amsterdam: Ton Bolland, 166-168.
83 NGSK 1986, 7.

gereformeerde belydenis gestel word, sowel as emosionele en ander weerstand daarteen, dui egter daarop dat dit die afgeleide gesag en daarom eenheidswerkende krag wat so tipies van ’n gereformeerde belydenis moet wees, in die NGK-familie mis. ’n Miskenning hiervan kan katastrofale gevolge vir die eenheidsproses in hierdie familie hê.

TREFWOORDE

Belydenis en kerkverband
Vereistes vir belydenisse
Belydenis van Belhar

KEY WORDS

Confession and denomination
Requirements for confessions
Confession of Belhar